27 Oktober 2022

"Om iemand doelbewus te wil vermoor, is flippen ernstig, Jannes"

ONTFROMMEL is hier! Geskep. Gebore. Vrygestel vandag. Beskikbaar!

Daar is ontvoering, met geen lospryse
En dan is daar Jannes, die spesiale taakmaglid.
Jy ontmoet ook vir Zena die joernalis, en Danny die Engelsman met sy kwinkslae.
Jy gaan naels kou, jou hart afstof, en omblaai...

Wat dink jy van die omslag? Ek's mal daaroor.
En oor die lokfilm.
Dis net 'n kleintoontjie-lekker-gevoel wat wil uitborrel – na al die harde werk.

Ontfrommel is my eerste speurroman.
Romantiese speurroman. Ek kan nie anders nie. Dis ek.
Dit sal vir my baie interessant wees om te weet of die genre-skuif geslaagd is.

Een van my beta-lesers was 'n oud-speurder, en sy terugvoer was waardevol.
Lees meer op my webwerf om die resensie en lokfilm te sien:
https://www.elsabewelman.co.za/home

Ontfrommel is 'n lekker lywige boek: 490 bladsye (112000 woorde).

Soek jy dalk 'n kersgeskenk vir iemand?

Waar is Ontfrommel beskikbaar?

Amazon: e-boek of gedrukte boek
NsSkrywershuis: e-boek of gedrukte boek
Gedrukte boeke by myself @ R250, koerier R50 ekstra. Kontakinfo onder.

Dankie dat ek my opgewondenheid met jou kan deel.

Het jy geweet...
... dat jy nie ‘n Kindle leser hoef te hê om Amazon se e-boeke af te laai nie.
Gebruik jou tablet of selfoon en laai die app daar af.
Open jou Amazon rekening en laai jou e-boek so af.
Ja... ek weet... die sagteband is lekker om vas te hou, maar daar is tye wat ‘n e-boek gemaklik is. Saans, wanneer jy nie kan slaap nie, pla die bedlamp nie jou liefie langs jou as jy wil lees nie. Wanneer jy op reis gaan, kan jy letterlik tientalle en meer boeke saamneem... op jou tablet of selfoon. Jy kan ‘n tablet, selfoon en Kindle sinkroniseer (Vra die slim kinders hoe).

Op Amazon kry jy Kindle Unlimited. Jy betaal ‘n subskripsiefooi en laai alle boeke op KU gratis af. Dit kos R 155.69 per maand, en jy kan aflaai en lees na hartelus. Die vakansie lê voor. Hier is ‘n skakel vir meer inligting:
https://zarecruitment.com/how-much-does-kindle-unlimited-cost-in-south-africa/
En ja... daar is Afrikaanse boeke op KU. My Klonte Sout is vir drie maande op KU beskikbaar.

My skrywers-“tribe”
Ek is gelukkig om aan ‘n groep diverse skrywers te behoort. Ons leer baie bymekaar. Ons skryfstyle en genre’s verskil, maar ons skrywersbloed is gesinkroniseer.
Saam met Ontfrommel is daar nog 2 nuwe vrystellings op Amazon. Drie uiteenlopende boeke. Die een so soet dat jou tande gril. Die ander laat jou naels kou en die ander ... mmm, wel, die ander nie so soet nie maar laat dit vir jou 'n les wees as jy nie soet is nie😂

Ek het ***Net soos ‘n Droom*** ge-beta-lees, ook die Engelse weergawe, en kan dit aanbeveel. Die worsteling van ‘n aangenome kind word van begin tot einde ingevleg in ‘n mooi familie liefdesverhaal. Ek het nie Boeie gelees nie, dit is nie my genre leesstof nie. Een van my spanmaats het die volgende oor ***Boeie en Boetedoening*** gesê: “Ek moet erken: dis die eerste keer wat ek 'n BDSM-boek lees, maar Marilize se storie het 'n mooi verhaal en dis smaakvol hanteer.”
Kliek op die omslae vir ‘n skakel na Amazon en om die agterplats (In Engels die blurb of lokwoorde op die agterkant) te lees.

Nog ‘n spanmaat, Tosca de Villiers, se kortverhaal het ‘n welverdiende plek verwerf in ‘n kortverhaal-kompetisie. Ek het help beoordeel! Kliek hier om die 5 wen verhale te lees, onder andere Tosca s’n ook: https://www.skryfgeheime.com/stories/. Tosca se kortverhale verskyn gereeld in tydskrifte

In die pyplyn
Die volgende novelle (korter boek) word in November uitgegee op Amazon: Beklitsde Kersfees. Die sagteband sal in die nuwe jaar volg.

Hou die nuusbrokke dop. Ek sal allerhande promosies en vrystellings deurgee.

Groetnis!



My kontakbesonderhede:
Tel: 0769216174 (ook vir Whatsapp)
skryf@elsabewelman.co.za
www.elsabewelman.co.za
Raak ook my vriend op:

sit tiktok by (Onthou om links te koppel)